NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 3 SEPTEMBER 2014 OM 15:00

- ADMINISTRASIE EN FINANSIES -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Administrasie]
Voorsitter, Vakant [Finansies]
Ondervoorsitter, rdh N J A Rust

Abrahams, M Z
Cleophas, J H
Cloete, C M
Cox-Bruintjies, Y S
Rangasamy, M
Sedeman, A C
Stemele, O M

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingeneursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Senior Rekenmeester, me H T Papier
Senior Bestuurder: Tegniese Dienste, mnr L D Zikmann
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die voorsitter verwelkom almal teenwoordig en na 'n minuut van stilte in medelye met mnr. K C Cooper met afsterwe van sy broer, open rdl O M Stemele die vergadering met gebed

'n Spesiale verjaarsdagwens word oorgedra die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz wat sy verjaarsdag op 2 September 2014 gevier het.

Verlof tot afwesigheid is toegestaan aan rdh M S I Goliath en rdl F S Humphreys. Rdl B W Geel is afwesig sonder verskoning.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ADMINISTRASIE EN FINANSIES) GEHOU 6 AUGUSTUS 2014

BESLUIT
(op voorstel van rdh N J A Rust, gesekondeer deur rdl A C Sedeman)

Dat die notule van 'n Portefeuljekomiteevergadering (Administrasie en Finansies) gehou op 6 Augustus 2014 as korrek bekragtig word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

Rdl Y S Cox-Bruintjies – op toestemming van die voorsitter – bedank die Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys en die Direkteur: Siviele Dienste, mnr A J Botha, in sy afwesigheid, vir die bystand verleen met 'n insident in Moorreesburg asook die tyd wat spandeer was om die probleem op te los.

Rdl Y S Cox-Bruintjies bedank verder die raadslede, direkteure en amptenare van die munisipaliteit wie nooit huiwer om haar te assisteer in die uitvoering van haar werksaamhede nie.

BESLUIT dat daar met dank kennis geneem word van rdl Y S Cox-Bruintjies se dankbetuiging teenoor die raadslede, direkteure en amptenare van Swartland Munisipaliteit.

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAE: JULIE 2014

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER (7/1/2/2-7)
5.1.2 KORPORATIEWE DIENSTE (7/1/2/2-1)
5.1.3 FINANSIËLE DIENSTE (7/1/2/2-2)(5/7/1/1)

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

(a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Munisipale Bestuurder, Direktoraat Korporatiewe Dienste en die Direktoraat Finansiële Dienste vir Julie 2014.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

7. NUWE ITEMS

7.1 SALGA WERKGROEP: *HUMAN RESOURCES DEVELOPMENT AND COLLECTIVE BARGAINING WORKING GROUP*: 14 AUGUSTUS 2014 (11/1/1/24)

Die agenda van die SALGA Werkgroepvergadering wat gehou was op 14 Augustus 2014 is met die sakelys gesirkuleer.

Die verslag soos opgestel deur die Bestuurder: Menslike Hulpbronne bevat 'n opsomming van die belangrikste besprekings wat tydens die Werkgroep plaasgevind het, en het dit ten doel om raadslede op hoogte te bring met hierdie kwessies.

BESLUIT
(op voorstel van rdh N J A Rust, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

(a) Dat daar kennis geneem word van die agenda van SALGA se *Human Resources Development and Collective Bargaining* werkgroepvergadering van 14 Augustus 2014.

7.2 BYWONING VAN SALGA IGR WERKGROEPVERGADERING GEHOU OP 15 AUGUSTUS 2014 (11/1/1/24)

Die agenda van die SALGA Werkgroepvergadering wat gehou was op 15 Augustus 2014 is met die sakelys gesirkuleer.

Die verslag soos opgestel deur die Bestuurder: Menslike Hulpbronne bevat 'n opsomming van die belangrikste besprekings wat tydens die Werkgroep plaasgevind het, en het dit ten doel om raadslede op hoogte te bring met hierdie kwessies.

BESLUIT
(op voorstel van rdl J H Cleophas, gesekondeer deur rdl A C Sedeman)

(a) Dat daar kennis geneem word van die agenda van SALGA se *Governance and IGR* werkgroepvergadering van 15 Augustus 2014.

- SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl R F van der Westhuizen
Ondervoorsitter, rdl O M Stemele

Abrahams, M Z
Cleophas, J H
Fortuin, C
Goliath, M S I
Papers, C H
Rust, N J A
Stanley, B J
Van der Merwe, J I
Van Zyl, M
Wilskut, W
Zatu, N S

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingeneursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Senior Rekenmeester, me H T Papier
Senior Bestuurder: Tegniese Dienste, mnr L D Zikmann
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 15:08 ‘n aanvang.

Die komitee is voltallig.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ‘N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTE) GEHOU 6 AUGUSTUS 2014

BESLUIT
(op voorstel van rdl W Wilskut, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die notule van ‘n Portefeuljekomiteevergadering (Siviele- en Elektriese Dienste) gehou op 6 Augustus 2014 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAE: JULIE 2014

5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)
5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

BESLUIT
(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl M van Zyl)

(a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste en die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir Julie 2014;

AANBEVEEL VERDER

(b) Dat kennis geneem word van die hoë elektrisiteitsaanvraag vir Yzerfontein na die aanskakeling van die beplande langtermyn kragonderbreking op 13 Julie 2014;

(c) Dat kennis geneem word dat die Energiebesparingsprojek vir 2013/2014 voltooi is en dat die evaluering deur konsultante van Universiteit van Stellenbosch'n besparing van 0.093% aandui.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) R F VAN DER WESTHUIZEN
VOORSITTER

- ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Beskermingsdienste]
Voorsitter, rdl W Wilskut [Ontwikkelingsdienste]
Ondervoorsitter, rdl A C Sedeman

Papers, C H
Philander, D B
Rangasamy, M
Sneewe, A M
Stanley, B J
Van der Merwe, J I
Van der Westhuizen, R F

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingeneursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Senior Rekenmeester, me H T Papier
Senior Bestuurder: Tegniese Dienste, mnr L D Zikmann
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 15:21 ‘n aanvang.

Verlof tot afwesigheid is toegestaan aan rdh M S I Goliath. Rdl B W Geel is afwesig sonder verskoning.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ‘N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ONTWIKKELINGS- EN BESKERMINGSDIENSTE) GEHOU 6 AUGUSTUS 2014

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdle R F van der Westhuizen en A M Sneewe)

(a) Dat die notule van ‘n Portefeuljekomiteevergadering (Ontwikkeling- en Beskermingsdienste) gehou op 6 Augustus 2014 as korrek bekragtig word.

AANBEVEEL VERDER

(b) Dat, na aanleiding van rdl J I van der Merwe se navraag, kennis geneem word van die samesprekings wat met vakbonde gevoer word t.o.v. die moontlike verlenging van die diensure gedurende na-ure;

(c) Dat, na aanleiding van rdl A C Sedeman se versoek, kennis geneem word dat verskillende opsies m.b.t. kliëntediens tans ondersoek word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAE: JULIE 2014

5.1.1 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)
5.1.2 VERKEER & WETSTOEPASSINGSDIENS (7/1/2/2-3)
5.1.3 BRANDBESTRYDING (7/1/2/2-3)
5.1.4 ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-1)

BESLUIT
(op voorstel van rdl B J Stanley, gesekondeer deur rdl M Rangasamy)

(a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Direktoraat Ontwikkelingsdienste en die Direktoraat Beskermingsdienste vir Julie 2014.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

6.1 AFWYKING VAN BOULYN: ERF 3496, MALMESBURY (15/4/2-8) (WYK 10)

'n Bouplanaansoek is vanaf die eienaar (Babtiste Kerk – Bet El) op erf 3496, Malmesbury ontvang. 'n Transmissietoring word voorgestel.

Die voorgestelde posisie van die transmissietoring oorskry die 10m straatboulyn en 5m syboulyn na 0m onderskeidelik.

Gevolglik word aansoek gedoen vir die boulyn afwyking op erf 3496, Malmesbury ten einde af te wyk van die 10m straat- en 5m syboulyne na 0m onderskeidelik vir die oprigting van 'n transmissietoring.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl Rangasamy, gesekondeer deur rdl A C Sedeman)

(a) Dat die aansoek vir 'n afwyking op erf 3496, Malmesbury ten einde af te wyk van die 10m straat- en 5m syboulyne na 0m onderskeidelik ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaarde:

- dat die transmissietoring in die vorm van 'n boom wat aanpas by die natuurlike plantegroei van die omgewing opgerig word.

(b) Dat die aansoek word vir die volgende redes ondersteun, naamlik:

- 'n Transmissietoring is 'n primêre reg onder die gemeenskapsone 2 sonering;
- Die voorgestelde plasing van die transmissietoring op erf 3496 verseker dat die bestaande aktiwiteite van die kerk, asook toekomstige uitbreidings van die kerkgeboue, nie affekteer word nie;
- Die transmissietoring speel 'n belangrike rol tot voordeel van die gemeenskap en besighede in die area deurdat verbeterde netwerkdekking vir alle selfoonnetwerke voorsien sal word. Die strategiese plasing vir die optimale funksionering van die transmissietoring is van kardinale belang.

6.2 AANSOEK VIR 'N VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 4919, MALMESBURY (15/3/10-8/Erf_4919) (WYK 8)

Aansoek word gedoen namens die eienaar Huisamen Beleggings Trust vir 'n vergunningsgebruik op erf 4919, geleë te Rainierstraat, Malmesbury vir 'n plek van vermaak ten einde die bestaande fasiliteit met 5 slotmasjiene te akkommodeer.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat die aansoek vir ‘n vergunningsgebruik op erf 4919, geleë te Rainierstraat, Malmesbury vir ‘n plek van vermaak onder die sakesone 1 sonering, ingevolge Artikel 7, Hoofstuk 14.4.2 van die Swartland Geïntegreerde Soneringskemaregulasies van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat die bedryf beperk word tot 5 dobbelmasjiene (area van ±15m² groot) binne ‘n bestaande sakegebou;
(b) dat die nodige bouplan aansoek aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
(c) dat ’n aansoek gedoen word vir ’n handelslisensie by die Direkteur: Ontwikkelingsdienste;
(d) dat die besigheidsure van die Grand Slots fasiliteit beperk word tot 20h00;
(e) dat hierdie goedkeuring geldig is vir ’n tydperk van 5 jaar;
(f) dat die bedryf van die dobbelfasiliteit beperk word tot die operateur Grand Slots en nie oordraagbaar is nie;
(g) dat die beswaarmakers in terme van artikel 62 van die Munisipale Stelselswet, Wet 32 van 2000 op sy reg tot appèl gewys word.

6.3 VOORGESTELDE HERSONERING EN VERGUNNINGSGEBRUIK OP ’N GEDEELTE VAN DIE RESTANT VAN PLAAS NO 789, AFDELING MALMESBURY (NUWE EIENDOMSBESKRYWING RESTANT PLAAS NO 1241, AFDELING MALMESBURY) (15/3/3-15/Farm_798; 15/3/10-15/Farm_798) (WYK 12)

Aansoek word gedoen namens die geregistreerde eienaars “*Boekenhoutskloof Winery (Pty) Ltd*” vir die hersonering van ‘n gedeelte (groot ±300m²) van die restant plaas no. 1241, Afdeling Malmesbury vanaf landbousone I na landbousone II ten einde ‘n wynkelder as landbounywerheid op die plaas te bedryf.

Aansoek word ook gedoen vir ‘n vergunningsgebruik op ‘n gedeelte van plaas no. 1241 ten einde ‘n toeristefasiliteit in die vorm van ‘n wynproe- en verkope lokaal te kan bedryf.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl B J Stanley, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die aansoek om hersonering van ‘n gedeelte (groot ±300m²) van die plaas no. 1241, Afdeling Malmesbury vanaf landbousone 1 na landbousone 2 goedgekeur word ten einde ‘n wynkelder te bedryf, onderhewig aan die volgende voorwaardes;

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat die wynkelder tot ’n oppervlakte van ±300m² beperk word (sluit wynproe en verkope in);
(b) dat die nodige bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
(c) dat die nodige aansoek vir advertensietekens aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;

A2 RIOOL

(a) dat riooldienste slegs vir huishoudelike afval deur middel van ‘n suigtenkvragmotor voorsien kan word;

A3 VULLISVERWYDERING

(a) dat daar skriftelik by Swartland Munisipaliteit aansoek gedoen word indien daar gebruik gemaak wil word van enige van die stortingsterreine binne die munisipale gebied;

A4 ESKOM

(a) dat indien die voorgestelde ontwikkeling veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;
(b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van ‘n Eskom kraglyn verbode is;
(c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die perseel;

A5 DEPARTEMENT VAN WATERWESE

(a) dat geen besoedeling van water of grondwater-bronne mag plaasvind as gevolg van die voorgestelde aktiwiteit op die eiendom nie;
(b) dat geen onttrekking van oppervlak of grondwater mag plaasvind sonder die goedkeuring van die Departement van Waterwese, mits dit ’n skedule 1 of bestaande wettige gebruik is;
(c) dat ’n watergebruikslisensie aansoek ingevolge artikel 21(e) ingedien moet word by die Departement van Waterwese vir oorweging;
(d) dat alle voorwaardes van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet 36 van 1998) ten alle tye nagekom moet word.

6.4 VOORGESTELDE HERSONERING VAN ERF 1050, MOORREESBURG (15/3/3-9/Erf_1050) (WYK 1)

Erf 1050, Moorreesburg is tans soneer as algemene residensiële sone 3 siende dat dit in 2003 hersoneer was ten einde ‘n gastehuis te akkommodeer. Dit was dus ook beperk tot die gebruik as ‘n gastehuis. Die eiendom is intussen verkoop en is die nuwe eienaar van voorneme om die eiendom slegs as ‘n woonhuis te gebruik. Siende dat die regte vir ‘n gastehuis in 2003 gevestig het, was Mnr en Mev Thomas genoodsaak om die betrokke eiendom te hersoneer na enkel residensiële sone 1.

Gevolglik word daar aansoek gedoen vir die hersonering van erf 1050 (groot 2873m²), geleë te Kerkstraat, Moorreesburg vanaf algemene residensiële sone 3 na enkel residensiële sone 1 ten einde die korrekte grondgebruiksregte vir die bestaande woonhuis te verkry.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

Dat die aansoek om hersonering van erf 1050 (groot 2873m²), geleë te Kerkstraat, Moorreesburg ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf algemene residensiële sone 3 na enkel residensiële sone 1 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaarde:

(a) dat die toepaslike tariewe tot die eiendom dienooreenkomstig aangepas word.

6.5 WERKSAAMHEDE VAN DIE SWARTLAND DIEREBESKERMINGSVERENIGING (17/15/3)

Swartland Munisipaliteit het `n goeie ongeskrewe samewerkingsooreenkoms met die Swartland Dierebeskermingsvereniging (DBV) wie hul kantore in Darling het.

`n Verslag is vanaf die Voorsitter van die Swartland DBV ontvang asook hul geouditeerde finansiële state.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl M Rangasamy, gesekondeer deur rdl C H Papers)

(a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die verslag, die werksaamhede sowel as die finansiële posisie van die Swartland Dierebeskermings-vereniging;

(b) Dat die volgehoue goeie samewerking tussen die Wetstoepassers en Swartland Dierebeskermingsvereniging handhaaf word.

BESLUIT VERDER

(c) Dat kennis geneem word van die dankbetuiging soos deur rdl M Rangasamy teenoor die Swartland Dierebeskermingsvereniging uitgespreek is.

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER: BESKERMINGSDIENSTE

(GET) W WILSKUT
VOORSITTER: ONTWIKKELINGSDIENSTE